

NG Gemeente Die Paarl
Die Strooidakkerk

anno
1691

Kerkgebou	1805	Gemeente	1691
206	2011	**320**	2011

AAN VOORNEMENDE HUWELIKSPARE

Ons is baie bly dat u graag in die Strooidakkerk wil trou! Ons vertrou dat hierdie dag vir u tot groot seën sal wees en die begin van ‘n wonderlike lewe saam.

Omdat ons heelwat huweliksplegtighede in die kerk hanteer, is dit nodig dat ons die volgende reëlings aan u deurgee. Ons vra u vriendelike samewerking en begrip vir die volgende:

1. ALGEMEEN

Ons versoek dat u te alle tye die gewyde Christelike atmosfeer van ons pragtige historiese kerk sal honoreer.

2. BESPREKING

Bevestig asb. u bespreking 3 maande vooraf. Die bespreking is geldig sodra die aangehegte vorm ingevul is en aan ons terugbesorg is saam met ‘n deposito van 50% van die beraamde kostes.

3. DUUR VAN DIE SEREMONIE

3.1 Daar word **45 minute** vir u huweliksdiens gereserveer en daarna het u nog 15 minute vir foto’s in die kerk en om die blomme te verwyder, m.a.w. **1 uur** in totaal.

3.2 ‘n Vriendelike versoek: **ons maak staat op u absolute stiptelikheid**.

4. HUWELIKSFOOI

4.1 KONTAK ASB DIE KERKKANTOOR (021 872 4396) VIR DIE FOOIE.
Hierdie bedrag sluit nie die fooi van die huweliksbevestiger in nie. U reël dit self met die leraar.

4.2 Tjeks/elektroniese deposito’s is betaalbaar aan:

NG Kerk Die Paarl	
Bank:	**Nedbank**
Tak Nr:	**101910**
Reknr:	**1019291168**
Tipe Rek:	**Tjek**

4.3 ‘n Deposito van **50% van die totale beraamde fooie** is betaalbaar by bespreking en die balans is ten minste 30 dae voor die huweliksbevestiging betaalbaar.

4.4 By kansellasie 30 dae of meer voor die datum is dit wat reeds betaal is minus R300 vir administrasiekoste terugbetaalbaar.

4.5 By kansellasie 30 dae of minder voor datum is dit wat reeds betaal is minus R400 terugbetaalbaar.

4.6 Let Wel: Die koster mag na 15 min wagtyd vir ‘n vooraf afspraak verdaag en steeds R70 eis.

5. HUWELIKSBEVESTIGER

5.1 U moet self met die leraar van u keuse reëlings tref, die registers invul, die nodige dokumente voorsien en hom ontmoet vir ‘n reeks gesprekke voor die huwelik.

5.2 Die huweliksbevestiger moet geregistreer wees.

5.3 Die huweliksbevestiger moet asb. die gewyde en Gereformeerde karakter van die gemeente eerbiedig.

Posbus 1421, Suider- Paarl, 7624
Tel. 021 – 872 4396 **Faks 021 – 872 9370**
e-pos skriba@strooidak.co.za **webwerf www.strooidak.co.za**



NG Gemeente Die Paarl
Die Strooidakkerk

anno
1691

Kerkgebou	1805	Gemeente	1691
206	2011	**320**	2011

6. KOSTER

6.1 Die koster is mnr Hennie Smit by 071 224 2337.

6.2 Die koster word deur die kerkkantoor **van u huwelik in kennis gestel**.

6.3 Reël asb. self met die koster i.v.m. 'n oefenlopie asook geskikte tyd om blomme-rangskikkings te doen.

6.4 Kontak die koster vir 'n klankoperateur, CD's, 'backtracks' en gebruik van klanktoerusting een week vooraf asb.

6.5 'n Fooi van R70 per uur word gehef indien u die dienste van die koster vir meer as een uur vooraf verlang.

7. ORRELIS

7.1 Die orrelis is Susan Groenewald by 082 451 2581 of 021 – 872 0121 na 14:00.

7.2 Reël asb. die musiek, liedere en solis EEN maand voor die seremonie met Susan indien julle haar gaan gebruik.

8. REËLINGS IN DIE KERK

8.1 BLOMME

a. U moet asb. u eie blompot/houer en moontlik 'n staander voorsien.

b. Rangskikkings moet dieselfde dag as die seremonie verwyder word.

c. U kan met ander huwelikspaartjies saamwerk vir 'n gesamentlike rangskikking.

8.2 KERSE

Kontrolleer asb. met die koster i.v.m. die gebruik van kerse.

8.3 KERKBANKE

Rekkies of linte mag gebruik word om versierings of blomme aan die banke vas te heg. Geen kleeflint of enige soort gom mag gebruik word nie. Alles moet asb. onmiddellik na afloop van die diens verwyder word.

8.4 KNIELBANKIE

Daar is 'n knielbankie beskikbaar.

8.5 TEKEN VAN REGISTER

Die registers word gewoonlik in die kerk onderteken. U is self verantwoordelik vir enige versierings (soos ruikertjie of tafeldoek) vir die tafel.

8.6 KONFETTI

Konfetti, droë blomblare of papierlinte mag **buite die kerk se hekke**, op die sypaadjie uitgedeel en gestrooi word.

8.7 DIGITALE FOTO'S

Digitale foto's kan op ons webwerf geplaas word vir die gerief van ver familie en vriende.

Baie dankie dat ons kan staatmaak op u samewerking.

As ons op enige manier vir u kan help om hierdie dag nog meer spesiaal te maak, kontak ons gerus.

Vriendelike groete
Maureen Armstrong
Skriba

Posbus 1421, Suider- Paarl, 7624
Tel. 021 – 872 4396 **Faks 021 – 872 9370**
e-pos skriba@strooidak.co.za **webwerf www.strooidak.co.za**